



We develop the South African Agricultural Industry.
Ons ontwikkel die Suid-Afrikaanse Landbou Industrie.

Verduidelikende nota (2) in verband met die NML en NML kwytskeldingsproses

Januarie 2019

1. Is die NMW terugwerkend na 1 Mei 2018?

NEE. Daar was 'n fout in die ondertekende weergawe van die wet wat dit laat lyk het asof die werking retrospektief is. Dit word tans deur die parlement reggestel, en die Departement van Arbeid het bevestig dat geen retrospektiewe werking afgedwing sal word nie.

2. Kan ek my werkers se ure sny as ek nie die NML kan bekostig nie?

NEE. Geen wysiging aan diensvoorwaardes kan eensydig gewysig word om die werking van die NML sy te stap nie. Enige wysiging aan diensvoorwaardes moet met werkers onderhandel en ooreengekom word. Werkers kan ook nie ooreenkoms dat 'n laer loon as die minimumloon betaalbaar is nie, so 'n ooreenkoms sal nie geldig wees nie.

3. Wat maak ek op Sondag as ek iemand net vir 'n paar minute nodig het?

Die NML Wet is duidelik: 'n Persoon wat inkom, mag nie vir minder as 4 ure vergoed word nie. Neem ook in ag dat Sondagwerk teen dubbele vergoeding plaasvind. Dit beteken dat 'n werknemer vir 4 ure vergoed gaan moet word, al het die werker net 'n paar minute gewerk. Indien 'n werker vir 2 ure werk, moet die werker vir 4 ure vergoed word. As die werker vir drie ure werk, moet die werker vir 6 ure vergoed word, ensovoorts.

4. Wat beteken dit dat die sektorale vasstelling nogsteeds bestaan, en hoe beïnvloed die sektorale vasstelling en die NML Wet mekaar?

Die sektorale vasstelling vir plaaswerkers gaan oor baie meer as net lone en betaling. Dit omskryf plaaswerkers se totale diensvoorwaardes, van reëls rondom behuising regdeur tot Sondagwerk en ander reëls oor werksure. Die NML wet troef die sektorale vasstelling, maar maak baie duidelik melding dat dinge soos aftrekkings steeds deur die sektorale vasstelling bepaal word. Dinge soos die datum van verhoging word op sy beurt deur die NML Wet bepaal, wat beteken enige verhogings word volgens die NML wet bepaal, nie die sektorale vasstelling nie. Die NML Wet en die sektorale vasstelling moet saam gelees word.

5. Is daar 'n maandelikse minimumloon?

NEE. Die ooreengekome minimumloon is R20 per uur, en dan R18 per uur vir plaaswerkers soos in die vorige video verduidelik. Werkgewers moet self hierdie uurlikse tarief na 'n maandelikse tarief omskakel met die formule in die sektorale vasstelling. Vir plaaswerkers wat 'n 45 uur werksweek het, is die weeklikse tarief R810. Om die maandelikse tarief uit te werk, word R810 met 4 en 'n derde vermenigvuldig, om by 'n maandelikse bedrag van R3507 te staan te kom.

English version:

1. Is the NMW retrospective to 1 Mei 2018?

NO. A mistake was made in the final text of the NMW Act that made it look like the implementation was retrospective. This is currently being rectified through a parliamentary process, and the Department of Labour has confirmed that no retrospective implementation will be enforced.

2. Can I cut my workers' hours if I can't afford the NMW?

NO. No unilateral changes may be made to conditions of service to circumvent the functioning of the NMW Act. Any changes to conditions of service must be negotiated and agreed upon with workers. Agreements made may also not circumvent the Act, an agreement for a wage lower than the NMW will be null and void.

3. What do I do when I need a worker on a Sunday, but just for a few minutes?

The NMW is clear: A person who comes to work may not be paid for less than 4 hours of work, irrespective of whether that person worked for a shorter time. Also consider that Sunday work takes place at double the rate of a worker's usual wage. If a worker works for 2 hours, that worker must be paid for 4 hours. If the worker works for 3 hours, the worker must be paid for 6 hours, and so forth.

4. What does it mean that the sectoral determination still exists, and how does it influence the NMW Act?

The farmworker sectoral determination covers a much broader scope than just wages. It details the conditions of service of farmworkers, including rules around housing right through to rules about working hours. The NMW Act trumps the sectoral determination but very clearly states that things like deductions will still be governed by the sectoral determination. The sectoral determination and the NMW Act need to be read together. Things like the date of increases are now governed by the NMW Act, not the sectoral determination.

5. Is there a monthly minimum wage?

NO. The agreed upon minimum wage is R20 per hour, and R18 per hour for farmworkers as explained in the previous video. Employers need to convert this amount to monthly wages themselves, using the formula in the sectoral determination. For farmworkers who work a 45-hour week, the weekly wage will be R810. To convert that to a monthly wage, the weekly wage must be multiplied by 4 and a third, to get to a monthly amount of R3507.